# 12 Maart 2024 - Lesing 259 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Geloofstryd - Nood – Wegneming – 29/1/62

**NO: 8090** Die aanhangers van My teenstander sal julle ook vervolg omdat hulle sal optree teen almal **wat in My, julle God en Verlosser in JaHshua Messias glo**.

En dit sê Ek julle reeds vooraf, sodat julle nie ontsteld en wankelmoedig word in julle geloof nie. Maar hulle sal julle nie kan skaad nie, omdat Ek tot julle beskutting en beskerming by julle is en elkeen sal help wat hom tot My wend, sodra hy in aardse of geestelike nood verkeer. Maar alles moet so gebeur, omdat die einde naby is **en daar nog 'n skeiding moet plaasvind tussen die geeste**. Want Myne moet My **openlik bely** voor die wêreld, wanneer hierdie bekentenis van hulle gevra word.

Hulle hoef dus nie te vrees as hulle gereken word tot Myne en 'n **lewendige geloof besit in My Liefde en Mag nie.** Want dan is hulle so innig met My verbonde dat hulle geen tree sal gee sonder My nie en steeds My nabyheid sal voel en daarom deur My teenwoordigheid gerusgestel wees. **Hulle sal ook nie die vyande vrees nie**, hoewel hulle erg bedreig sal word, maar dit kan hul geloof nie skok nie.

Ek sê dit vir julle vooraf, want daar bly nie meer baie tyd oor voordat dit sal gebeur nie. **Maar tog hou Ek vir julle die dag en die uur geheim,** omdat dit vir julle siele nie goed sou wees as julle daarvan geweet het nie.

Maar Ek sal nie ophou om aan julle steeds weer die naderende einde aan te kondig nie en julle opmerksaam te maak op alles wat homself nog voor die einde sal voordoen. **Want daaraan sal julle herken welke uur op die wêreldklok geslaan het** en julle sal dan kalm en voorbereid die einde tegemoet gaan.

Nog kan julle in vrede julle arbeid in My wingerd verrig en nog kan julle My evangelie van die liefde uitdra in die wêreld. Nog besit julle 'n sekere vryheid wat julle kan gebruik en dit ook moet gebruik.

Maar die tyd gaan snel verby **en dan sal julle nie meer openlik kan werk vir My en My ryk nie**. Dan sal die mense julle elke geestelike werk verbied en julle dwing om julleself terug te trek. **Julle sal dan alleen nog maar in die geheim kan werk**. Maar julle sal voortdurend My krag ontvang, want julle sal My Woord verneem **wat deur julle ook julle medemens sal bereik**. Want Ek beskerm My "knegte" en lei hulle op weë wat hulle moet gaan, om Myself tot die medemens te laat spreek.

Daarom moet julle steeds op My vertrou en geen weg bewandel sonder My nie. Julle moet julleself voortdurend op My en My beskerming verlaat en vol vertroue My hulp verwag, wanneer julle dit nodig sal hê. **Ek sal terwille van Myne die dae verkort.**

En die stryd teen julle en die gelowiges sal maar van korte duur wees, omdat dit met alle medoënloosheid gevoer sal word. Maar Ek sal Self 'n einde daaraan maak wanneer die tyd daarvoor aangebreek het. **En in die tyd sal die geeste hulleself definitief skei.** Want nou sal elkeen moet beken wie sy heer is met wie hy homself samehorig voel.

Welke bedenkinge die mense ook steeds weer sal opper teen hierdie voorspellings, tog sal dit verwesenlik word. **En die mense sal dan moet kies vir My of vir hom wat julle opnuut weer in die diepte wil stort.**

Maar wat nog vir julle redding gedoen kan word, dit sal nog probeer word. Ek sal niks ongedaan laat om die mens wat My teenstander wil ontvlug en ook My hulp daarvoor aanneem, uit sy geweld te bevry nie. Maar die vrye wil van die mens beslis self en die wil dwing Ek nie.

Ek vra egter 'n sterk geloof van Myne, sodat hulle kan volhard tot aan die einde. En as hulle tot Myne wil behoort, sal Ek hulle ook van buitengewone krag voorsien. En hoe groter die nood is, des te vaster sal hulle by My aansluit en des te sterker sal hulle geloof wees, wat Ek sekerlik nie sal beskaam nie.

Sodra die tyd begin waarin julle nie meer openlik kan werk vir My en My ryk nie, **het ook die laaste fase aangebreek op hierdie aarde.**

Dan sal die **geloofstryd openlik begin** en die uiteindelike beslissing van die mense sal gevra word. Dan sal die aanhangers van My teenstander hulleself oortref in afbrekende aanvalle teen die gelowiges en dan kan julle wat aan My behoort elke dag My koms verwag. Ek sal julle red uit die nood van siel en liggaam **en sal julle wegneem van hierdie aarde**. En dit sal gebeur soos wat dit verkondig is, omdat die tyd vervul is. Amein.